2026
15 - 22 FEB 2026

# Eldo Nuusbrief

Hiér maak **JY** saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week



Ons almal gaan deur moeilike tye soms. Tye waar ons nie weet hoe ons by al die werk gaan uitkom nie. Tye waar ons groot uitdagings in die gesig staar. Tye waar ons angs groter word. Tye waar ons emosioneel uitgeput is. Maar dis wanneer Ps. 94 ons herinner dat God saam met ons is deur hierdie moeilike tye en ons vertroos. Hy is die een by wie ons kan skuil.

*Psalm 94:19 - Wanneer ontstellende gedagtes meer word in my binneste, dan beur U vertroosting my op.*

## Gebed vir die week

**Bid vir Genesing van ons land, ons mense en ons denke!**
*Vader God,* U sê dat ons ons gedagtes gevange moet neem en dat die gebed van 'n regverdige groot krag het - Here, genees ons land, ons mense en ons denke, want uit ons denke ontspring al ons dade. *Amen*



## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag 15 Februarie**
09:00 Erediens
09:00 Mini- Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps Saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 22 Februarie**
09:00 Erediens (NAGMAAL)
09:00 Mini- Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps Saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 1 Maart**
09:00 Erediens
09:00 Mini- Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps Saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**

Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

# Eldo-Chomps







Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

# Diens@6










# Ander






**Adoramusdiens**
**Elke Dinsdagaand om 18:30 in die Kapel.**
**Kom beleef die stilte en rustigheid.**




## Oggenddiens benodig jou hulp

**Ons benodig iemand om in die oggenddiens, ongeveer 1x per maand te kom diens doen by die rekenaar vir die data op die skerm.**

**Jy het geen ondervinding nodig nie, die opleiding word voorsien.**

**Kontak vir Jaco indien jy kan help of enige vrae het by 082 699 4383**




**GASVRYHEIDSBEDIENING**
**Indien daar dames (en mans) is wat betrokke wil raak by bogenoemde bediening, kontak asseblief Ethel Kotze by 082 444 0302.**
**Ons benodig julle hulp!**



## Kantoor Kaskenades

**Vir alle belangstellendes, bring asseblief volgende Donderdag 'n potlood, liniaal en uitveër saam. Kom geniet 'n heerlike oggend.**

**BRUNET:**
**Uitgebrande blondine**

## Bybel 101!



BIBLICAL ARCHAEOLOGY SOCIETY

### Het jy geweet...

Stel jou voor jou kar, jou spaarrekening, en jou kragnetwerk was alles dieselfde ding - en lewendig! In die antieke Nabye Ooste was dit die os. Osse het ploeë deur harde grond getrek, oeste in surplus omskep, ekonomieë aangedryf, en indirek bepaal wie ryk was en wie nie. Die os, en die bul, was 'n sentrale Bybelse dier -'n kern aspek van hoe inmekaargevleg land, arbeid, aanbidding, en mag was. Dit is hoekom beeste so dikwels in Israel se wette, offers en metafore voorkom.

**Wil jy graag deur een van die predikante besoek word?**

Kliek hier!

**Vir die huisbesoek-versoekvorm**

# Ander Nuus



**KOFFIE EN TEE SKINKERS**

Wil julle dalk betrokke raak by die tee skink diensbeurte voor en na die Sondagoggend erediens?

BAIE DANKIE aan elke getroue, vriendelike persoon wat gedurende 2025 gehelp het en betrokke was. Sondagoggende is so lekker om by die kerk te kom met die reuk van heerlike koffie en die gesellige kuier van mense. Kontak my indien jy graag deel wil word van hierdie bediening.

Laetitia Marais by 083 606 4280

## BAIE BELANGRIK

**ALGEMENE INLIGTINGS- EN VRAE SESSIE TUSSEN DIE GR EN GEMEENTE VIND PLAAS OP 22 MAART NA DIE EREDIENS.**
**KOM WEES ASSEBLIEF DEEL EN HELP ONS GEMEENTE BOU.**





**BYBELVERSPREIDING VIR HOOP**

**Bybels verteenwoordig die Woord God, ongegag hoe jy dit sien – ons het dit nodig.**

**Hoekom doen ons dit?**
Daar is 23 miljoen mense, in SA, sonder 'n Bybel, ons het 'n doel. Wiele van Hoop, geformaliseer in die BIBLIA NPC, staan in die gaping van hierdie behoefte – ons versprei Bybels na plekke waar jy soms moeilik sal kom sonder 'n goeie bakkie of 4x4, daar waar baie mense vergete is.

**Waar staan ons vandag?**
Lesotho 2013 (2 Bokse Bybels – Sani Top Chalets),
Namibia 2019 (1 Boks Bybels verdwyn tussen pompjoggies en hekwagte),
Lekgalameetse in Limpopo 2024 (600 Bybels en Bybel boekies),
Swartruggens 2025,
Lekgalameetse 2025 (561 Bybels en 361 Bybel Boekies) en
Mtomeni Safari Kamp in Letaba Ranch - September 2025.



**Wat volg?**
Lesotho 14-19 Maart 2026 (10 Sesotho en 10 Engels),
Lekgalameetse 8-12 April 2026 (beplan 304 Bybels en 12 Audio Bybels),
en behoefte bepaling in Hothazel en Van Zylsrus.

**Hoe gaan ons dit volhou?**
Ons begin oorgee aan gemeenskappe waarna ons hulle sal steun – gemeenskappe moet hulself versorg.

**Wat het ons nodig?**
Mense met wiele.
Finansies om Bybels aan te koop @ R150 per Bybel.
R30 000 vir die Lekgalameetse 8-12 April 2026 uitreik

**Ons praat graag met julle!**

**BANKBESONDERHEDE**
**BIBLIA NPC**
**ABSA TJEK: 4122 580 051**
**TAKKODE: 632005**
**Stuur bewys van betaling aan:**
**info@biblia.org.za**

**Hierdie fondse sal slegs aangewend word vir die aankoop van Bybels.**

**Johan & Belinda Coetzee: 083 445 0452 / Johan & Elna du Plooy: 082 852 2395 / www.biblia.org.za**

**Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons**




**Hiér maak JY saak!**

## "Save the date"

**22 Februarie**




**1 Maart**

**Diens@6 "How2Faith"**



**8 Maart**

**GEMEENTEBRAAI**
**Ons hou 'n heerlike Gemeentebraai. Bring jou eie vleis, bykos en drinkgoed en eetgerei. Vure word verskaf.**



**22 Maart**
**Algemene jaarvergadering**

**ALGEMENE JAAR VERGADERING**
**Na die erediens word daar 'n inligtingsessie deur die GR aangebied oor die gemeentebedrywighede. Kom luister en vra.**

**22 Maart**
**Diens@6 "Quiz Night"**




**2 April**
**Avondmaal**



**19 April**
**Diens@6 Gasspreker: Jaco Kriel**




**18 - 21 Mei**
**Pinksterdienste**



**29 April**
**Bybelvasvra**




**17 Mei**
**Belydenisaflegging**



**29-31 Oktober**
**MIERNESMARK**



**4-6 Desember**
**Belydeniskamp**




**Jesaja 41:10**
Moenie bang wees nie, want Ek is by jou; moenie vrees nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou; ook help Ek en ondersteun Ek jou met my seëvierende regterhand.

# Lewensverryking Seminare 2026

| | | |
|---|---|---|
| **MAART** | | |
| 13-16 Mrt | Enkel & Enkel Opvolg<br>Conclave Country Lodge | |
| **APRIL** | | |
| 10-12 Apr | Huweliksvoorbereiding<br>Leribisi Lodge | |
| 24-27 Apr | Egpaar & Egpaar Opvolg<br>Conclave Country Lodge | |
| **MEI** | | |
| 29-31 Mei | Hersaamgestelde Gesinne<br>Conclave Country Lodge | |

**Lewensverryking Seminare**

PLEK VAN VRYMAKING, VERNUWING EN VERRYKING!

Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by 083 251 6725 / 087 095 0512

# Prisma

## OVERCOMERS

**Ons ondersteun die Overcomers, wat deur Dottie Kotze, een van ons gemeentelede bestuur word. Sy organiseer kospakkies, klere en skryfbehoeftes wat aan minder-bevoorregtes in ons gemeenskap uitgedeel word. Sy het tans 'n groot behoefte aan kinderklere (veral seuns). Kontak haar by 084 840 2372 indien jy hier kan help of betrokke wil raak.**


**OVERCOMERS**

**Ons benodig die volgende**

**Kruideniersware:**

- Langlewe melk
- 2,5kg suiker
- 2,5kg mieliemeel
- Oats
- Tee
- Enige pasta
- Afvalpapier (waarvan die agterkant gebruik kan word)
- Kontant bydraes

## 2025 Terugvoer vanaf Overcomers



Februarie is die maand van die liefde.

Help ons om liefde te wys deur te gee.

Ons benodig asb:

- Mieliemeel
- Koekmeel
- Suiker

Dankie!

Vir al die kosbokse, onderklere en maandelikse bydraes. Dit maak 'n groot verskil!

# Verjaarsdae vir die week

**Ons sisteem het 'n sagteware probleem. As jou verjaarsdag of datum dus nie korrek is nie, skakel asseblief die kantoor by bedien@eldofam.co.za en ons stel dit dadelik reg.**

**Baie geluk:**

Johan Crots 16/02
Chris Jordaan 16/02
Natasha Smith 16/02
Conrad van Rheede van Oudshoorn 16/02
André Laubsher 17/02
Tina Joubert 18/02
Marcelle Heydenrych 18/02
Ava Christie 20/02
Zander Potgieter 20/02
Madelijn Vermaak 20/02
Chris Mynhardt 20/02
Nicqui Nel 21/02
Ursula Theunissen 21/09
Danika Kuhn 22/02
Hennie Nel 22/02
Micaela Swart 22/02
Ben van der Merwe 22/02

Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!

# Lief & Leed

Indien jy weet van enige lief of leed in die gemeente, kontak asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844

**Het jy enige nood?** Laat weet ons **vir 'n gebedsversoek!**

# Nuwe Intrekkers

Welkom!

**Weet jy van iemand wat nuut is? Verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.**

# Nuus van die Gemeenteraad (GR)

## Ontmoet die GR



**Ethel Kotze:** Ek is slegs as waarnemer en beplanner by die GR betrokke.
Ek is die trotse ouma van 8 kleinkinders. Ons geniet die geleentheid om betrokke te wees by ons familie waar moontlik, asook die geestelike familie.


Ons kamp graag saam met die EKG-Familie en geniet dit om te stap.


Ek hou my besig met handwerk en is gretig om nuwe vaardighede aan te leer.

By Eldoraigne Familiekerk is ek betrokke by die Hobby Klub en koördineer die Koffie Kafee geleentheid elke kwartaal. Verder help ek met die beplanning en uitvoer van die teetuin tydens die Miernes Kersmark.

# ALGEMENE NUUS

Ons is tans besig met onderhoud en installasie van nuwe buiteligte.rondom die kerkgebou. Dit sal die sekuriteit verbeter, veral na Diens@6 en ander bedrywighede wat deur die week in die aande plaasvind.






www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

# Kontak ons

**Eldoraigne Familiekerk Bankbesonderhede**

**Bank**: ABSA
**Tak**: Mall@Reds
**Tjekrek**: 3260140042
**Takkode**: 632005
**Verwysing**: Jou van en bv. “Dankoffer” of “Kollekte”

SnapScan

STB1CDD9

Is jy bewus van ons WhatsApp Broadcast groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Broadcast groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

**Gaan “Like” ons op Facebook!**

**Gemeentekantoor ure:**
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30

**NOMMERS**
Tel: 068 031 8844

**AANLYN**
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za

**ADRES**
Henriweg 1045,
Eldoraigne, 0157

**Of stuur ons ‘n epos na:**
bedien@eldofam.co.za

## Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



**Christiaan Ackermann**
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650



**Fanie Fourie**
Epos: fanie@eldofam.co.za
Sel: 074 933 2000

Kontak ons

**vir huisbesoek, ‘n telefoon oproep of net gesprek!**

# Ondersteun asseblief ons adverteerders







**Ondersteun asb vir Heavenly Coffees Centurion - ons Gemeente se KOFFIEBORG deur die jaar. Baie dankie!!**

**As jy hulle spesiale aanbiedinge wil sien, gaan na hulle Facebook bladsy: https://www.facebook.com/share/16JkjTexve**

**Hoek van Hendrik Verwoerd &, Jakaranda St, Hennopspark, Centurion**
**Asook hulle nuwe winkel in Willem Bothalaan, Wierdapark**

## *Hayley's Ballet Academy*

**Run by Hayley Littleford (ARAD) Registered teacher of the Royal Academy of Dance**
**Hayley has 34 years teaching experience and has been tutoring & assessing student teachers for the RAD for 20 years.**
**Pupils will be trained in the Royal Academy of Dance method and are entered for examinations and Eisteddfod every year.**
**Classes are held for all age groups and levels at the NG Kerk Eldoraigne, 1045 Henri Road, Eldoraigne, Centurion, 0157**
**Interested pupils are invited to attend a free introductory lesson.**
**Contact me today for a caring and nurturing dancing environment**
**Cell -083 450 4752**
**Email - hayleypienaar@outlook.com**
**https://sites.google.com/view/hayleysballetacademy/home?authuser=0**